

Lees in *Kerkbode* van 20 November:



... 'n aantal uiteenlopende verhale:

- van 'n dominee wat sy ouma doop,
- van 'n Hervormde lidmaat wat deur die NG kerkfamilie se welsynsdiens vereer word vir die werk wat hy in samewerking met hulle doen,
- van 'n gemeente wat drama gebruik om by mense se harte uit te kom,
- en van Oudsthoorn wat hulle 'n eeu gelede al oor die armes ontferm het.

Daar is ook 'n besondere fokus op die slegte verskynsel van vroue wat mishandel word en hoe die stilte daaroor in Elarduspark verbreek is. In aansluiting daarby is daar gedagtes oor wat dit vir mans beteken om Christus te volg en hoe dit verskil van die populêre kultuur se verwagtinge van manwees.

Lees ook hoe dr Kobus Gerber, uittredende algemene sekretaris, terugkyk op en dink oor die pad van die NG Kerk.

Lees in die propvol Desember /Januarie-uitgawe van *LiG*:



LiG se **Kersfees-uitgawe** is propvol idees om die Christusfees sinvol te vier. Ons help jou om minder bó meer te kies hierdie Fees-seisoen, en gee raad aan saamgestelde gesinne om die vakansietyd te geniet.

Lindie Strydom vertel hoe sy haar lewe vereenvoudig en Portchie verf 'n spesiale skildery wat 'n gelukkige leser kan wen.

Lees ook:

- Gayverhoudings: Praat só met jou kind daaroor
- Ontwikkel jou kind se sintuïe speel-speel
- My kwilt-reis met God

Moenie *LiG* se nuwe handwerkreeks mis nie! Ons wys jy hoe om jou eie Kersfees-engele te maak.

Lees meer oor die jongste Bybelkor-publikasies:

Leesrooster vir lidmate: Oordenkings vir lidmate, gebaseer op die kerkjaar, Seisoene en feeste in die lewe van gemeentes.

Nuwe ontwerp en aanslag


- Die fokus val nou meer op bruikbaarheid.
- Die bydraes is daarom baie meer kernagtig.
- Elke week se bydraes strek oor slegs 2 bladsye.

Leesrooster vir lidmate (Woord en lewe) – Advent 2015 tot Koninkrykystyd 2016 – volg die seisoene van die kerkjaar en maak gebruik van die erkende teksrooster *Revised Common Lectionary*, Jaar C. Dit moedig lesers aan om die feeste, gebruike en gewoontes van die kerkjaar te vier en te ervaar.

Leesrooster vir lidmate kan gebruik word saam met die ander publikasie in die reeks, naamlik *Woord en fees* (voorheen *Preekstudies en liturgiese voorstelle*).

Prys: **R60,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Wanneer Jesus vrae vra - Michiel van der Merwe (*Hoe Jesus se vrae ons help om die lewe te verstaan*)



In die 21 hoofstukke (847 verse) van Johannes se Evangelie vra Jesus 46 vrae. Daar is dus 'n vraag in ongeveer elke 18de vers.

Wat gebeur wanneer Jesus vrae vra? J a, Jesus vra inderdaad ook vir ons vrae, nie net ons vir Hom nie. Jesus vra egter om ander redes as ons. Hy vra nie vrae omdat Hy nie weet wat die antwoord is nie. Jesus gee juis vir ons antwoorde op óns lewensvrae deur vir ons vrae te vra. Die manier waarop Hy sy vrae vra, help ons om te verstaan wat in ons lewe gebeur.

Jesus vra vrae wat regtig saak maak en die antwoorde op hierdie vrae stel ons in staat om te leef. Dit is antwoorde wat van ons iets *vra*, maar wat ons ook vir ewig laat *leef*.

Pluspunte

- 'n Studie vir 8 weke oor 46 vrae wat Jesus gevra het.
- Elke week se studie sluit vyf dagstukke vir individue en 'n groepstudie in.
- Uitdagende gespreksvrae by elke dagstudie en die groepstudies.

Prys: **R90,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Jesus-verhale van menswaardigheid - Chris van Wyk

Uit Jesus se interaksie met mense leer ons meer oor *respekteer, luister, omarm* en *liefhê*. Ons het altesaam agt Jesus-verhale oor hierdie vier waardes gekies, twee oor elke waarde. Die negende verhaal is die oorkoepelende Jesus-verhaal van menswaardigheid – Jesus was sy dissipels se voete.

Saam inspireer hierdie nege verhale ons om Jesus se voorbeeld in ons lewe na te volg en almal met menswaardigheid te behandel.

Prys: **R100,00** [pakkie van 10 boeke] BTW en posgeld ingesluit.

Kleurgebede oor liefde - Aletta Simpson (Inkleurboek vir volwassenes oor 1 Korintiërs)

Teken en bid gaan saam. Saam met die ink vloei daar gedagtes oor lewe, seer, vreugdes en God na die oppervlak. Jy kan jouself verloor in die detail, die blaartjies, die sirkeltjies en die blokkies. Inkleur laat jou fokus, ontsnap, nadink, loskom, die Gees hoor, nuut sien, skep.

Mag hierdie kleurgebede vir jou 'n wonderlike tyd van oordenking, nadink en insigte wees. Geniet God se wonderwêreld vol reënboë terwyl jy fokus, hoor en bid in volkleur.

'n Inkleurboek vir volwassenes met handgetekende gebedsprente. Die teks is gegrond op 1 Korintiërs 13 – die bekendste gedeelte oor die liefde in die Bybel. By elke prent is daar 'n gedeelte en 'n gebed om oor na te dink terwyl jy inkleur.

Prys: **R60,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Al dié bogenoemde publikasies is reeds by BMH beskikbaar.

Jongste Mema/Flam-produk:

Brandhout Multitracks

20 Flam liedere wat as multitracks (backtracks met veelvuldige opsies) opgeneem is. Met behulp van 'n gratis rekenaarsagteware program kan jy die verskillende dele van elke opname manipuleer om by jou gemeente se erediensstyl te pas.

Prys: **R2000,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

